SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

Afrikaans Eerste Addisionele Taal graad 6

Onderwysergids: Kwartaal 3

Informele aktiwiteite: Week 7 & 8

FEDUSA
t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531

Luister en praat

Luisterbegrip: luister na en voer instruksies uit byvoorbeeld 'n prosedure

- Voorspel wat volgende kan gebeur
- Bespreek besonderhede van die teks
- Bespreek volgorde van instruksies
- Bespreek die vorm van die werkwoord wat gebruik is

Speel 'n taalspeletjie

- Volg instruksies korrek
- Gebruik 'n uitgebreide woordeskat
- Maak beurte om te praat, gee ander 'n kans om te praat

Oefen luister en praat (gedeelde teks vir die dag)

- Voer 'n gedig op
- Speel 'n taalspeletjie
- Gee en volg instruksies
- Bespreek 'n onderwerp

Luisterbegrip

Die prosedure vir ‘n luistertoets:

- Lees die teks aan die leerders voor terwyl hulle aandagtig luister.
- Lees teen ‘n stadige tempo en spreek woorde korrek en duidelik uit.
- Lees daarna die vrae saam met die leerders deur en verduidelik vrae waar nodig.
- Lees weer die teks vir die leerders voor. Hulle mag aantekeninge maak.
- Leerders beantwoord vrae in werkboeke.

Luisterteks

Vou ‘n papiervierkant tot ‘n speelding

- Vou jou papiervierkant in die helfte en trek jou liniaal oor die vou sodat dit ‘n skerp vou maak. (Maak so met al die ander voue.)
- Maak die papier oop. Vou dit weer in die helfte na die ander kant toe.
- Maak die papier oop. Jy sal nou twee voulyne sien wat mekaar presies in die middel kruis.
- Vou nou elke punt tot in die middel. Jou vierkant is nou die helfte van die oorspronklike grootte.

- Draai die vierkant om sodat die los punte onder is. Vou nou weer elke hoek tot in die middel.
- Draai dit weer onderstebo en maak al die punte mooi glad.
- Die bokant het nou vier los flappies, elkeen met ‘n voutjie in die middel.
- Skryf nou die nommers 1 tot 8 in die driehoekies.
- Draai dit weer onderstebo en herhaal die vorige stap.
- Vou nou elke flappie oop en skryf agt lawwe opdragte in elke drie hoek, byvoorbeeld: Knip jou oog.
- Draai weer om en steek jou duime en wysvingers in die die los flappies

Taalspeletjie

Verduidelik vir leerders hoe om die kwakkertjiespeletjie te speel.

Gedig

Lees gedig saam met leerders. Laat leerders gedig dramatiseer.

Skryf en aanbied

Maak 'n kopkaart-opsomming van 'n kort teks

- Identifiseer ten minste drie hoofpunte
- Organiseer inligting netjies
- Gebruik gepaste simbole / diagramme / 'n ander relevante grafiese teks
- Toon duidelik die verhouding tussen die verskillende dele van die diagram of ander grafiese teks aan
- Gebruik gepaste woordeskat
- Kontroleer spelling
- Gebruik 'n woordeboek om spelling en betekenis van woorde na te gaan

Kopkaart-opsomming

Verduidelik opdrag en laat leerders ‘n kopkaart maak volgens opdrag in leerderboek.